


# Leefkuns



## Huiskerk

Quellerina  
Gemeente

# Helde

## Fillipense 4:9

Helde is mense wat nee sê vir die verkeerde, selfs al sê almal rondom hulle ja. Hulle sê ja vir wat reg is, selfs al sê al die ander nee. Hulle is bereid om die gevolge van hulle keuses te dra.

Hulle weet egter hulle krag lê nie in hulleself nie, maar soos Paulus, is hulle tot alles in staat deur Jesus Christus wat hulle krag gee. Hulle weet hulle is nie foutloos nie, maar is geheel en al afhanklik van die genade en vergifnis van God.

Daarom word hulle, soos Dawid, genoem: mense na God se hart.

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou lewe in?*

*Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?*

*Wat kan jy baat, sou jy hierdie "kuns" kan aanleer in jou lewe?*

### Definisie:

*Daardie mense wat opstaan vir wat reg is, selfs al sou hulle daardeur hulle gewildheid verloor en beledigings en verwerping ervaar.*

*(Bybel 24/7)*



Huiskerk

Quellerina  
Gemeente

Leefkuns

## Helde

**Lees Filippense: 4-9.**

**Hoe kan jy Paulus se instruksies in vers 6 opsom?**

**Hoe sou jy die seën wat Paulus belowe het, opsom?**

**Waarvan beskerm God se vrede ons harte en gedagtes?**

**Watter seën het Paulus die heiliges belowe as hulle sy lering en voorbeeld sou volg?**

**Hoe kan ons gedagtes op enige manier wat geregtig is, ons begeertes en gedrag beïnvloed?**

**Watter ooreenkomste merk jy op tussen hierdie twee verse?**

**Waarom dink jy is dit vir ons belangrik om dinge op te soek wat eerlik, waar, kuis (of suiwer), deugsame, lieflik en lofwaardige is?**

**Hoe sou die soeke na sulke dinge ons help om ons gedagtes op die regte dinge te konsentreer?**



Quellerina Gemeente